Wees stil

Gister was goed ...
en môre sal weer só wees

Dis die tyd van die jaar wanneer ons ruimte in ons kalender skep vir ander dinge as die normale sloer en stoei van die lewe. Dit is afsluit- en klaarmaak-tyd. Stilstaan en dink-tyd. Besin oor môre-tyd. Onthou- en droom-tyd.

Mag jy in hierdie feesvier-dae ook ruimte in jou eie lewe skep om stil te word, en onthou ...

- al die vreugde wat hierdie afgelope jaar gebring het. Gaan in jou gedagtes terug na die bergtop-ervarings, herbeleef en vier daardie oorwinnings. Onthou die gewone menswees-lekkertes en laat smelt dit met genoegdoening op die palet van jou hart.
- al die ervarings wat pyn, teleurstelling, vrees en intense hartseer meegebring het. Ja, wees dapper genoeg hiervoor en gaan sit saam met die Gees in die donker hoekies van jou hart en laat Hy self die lig vir jou laat deurbreek. En jou met nuwe perspektief oor die lewe vul.
- al die dinge waaroor jy dankbaar kan wees: Maak in jou hart (maar ook op papier) 'n lys met alles wat mooi en goed in jou lewe is, die vele kere wat God se genade genoeg was, al die kere wat jy beleef het dat jy nie alleen is nie, die kere toe jy opnuut bewus geword het van sy en ander se groot liefde.

Ja, mag jy terugkyk en beleef hoe vrede hom in jou hart kom tuismaak het, sodat jy met daardie diep vervulling ook vorentoe kan kyk. Weet dan dat dieselfde Here wat in jou hart ingetrek het nie nou gaan vertrek nie. Hy gaan daar bly, ook in die nuwe jaar.

Die lewe is nie nét maklik nie; God belowe ook nie net maanskyn en rose nie, en môre kan dalk 'n klomp onaangename verrassings inhou. Maar jy kan met verwagting uitsien na wat voorlê. Jy kan met hoop en vertroue môre se uitdagings aanpak. Jy kan in jou onsekerheid met die vaste geloof leef dat Hy in beheer bly en op sy manier en tyd antwoorde sal gee.

Maak tyd vir terugkyk, vir onthou en vir dankbaarheid. Dit sal die deur oopmaak vir 'n jaar waarin jy weer die lewe saam met Hom kan dans omdat Hy die kamers van jou hart met sy lig sal vul.

Vertrou Hom – en gryp die dag! Môre sal góéd wees.

Uit die Bybel

Die Here hou wag oor jou, of jy kom en of jy gaan, nou en vir altyd.

– Psalm 121:8 NLV

Probeer vanjaar ...

... om elke aand stil te word en op die afgelope dag terug te dink. Dink aan dié kere toe jy God kon raaksien in gebeure, in mense, in 'n antwoord wat jy gesoek het, of sommer net in die alledaagse.

Dink ook aan dié kere wat jy Hom nie raakgesien het nie, nie sy woorde gehoor het nie of bloot blindelings by Hom verby geleef het. Probeer dan om Hom die volgende dag met 'n fyner ingesteldheid en 'n oper hart oral in jou wêreld raak te leef. Want dis dán dat gewone dae iets besonders word, omdat sy genade jou hart anders maak.

DEUR
MILANIE VOSLOO
Milanie is passievol daaroor dat gelowiges gereeld in die Gees en die Woord moet stil word. Sy is die skrywer van verskeie topverkoper geestelike boeke en 'n sakevrou met haar eie reklame-agentskap.